GELEENTHEID VIR LEERKLERKSKAP 2024

VDT ATTORNEYS

lid van die phatshoane henney groep van geassosieerde firmas

VDT Prokureurs is 'n spesialis kommersiële- en korporatiewe regsfirma wat praktiseer vanuit Waterkloofrif, Pretoria en bestaan vanaf 1932. Die firma is trots op hul 90 jarige bestaan hierdie jaar. Die firma is 'n lid van die Phatshoane Henney groep van geassosieerde firmas.

VDT Prokureurs skryf sy sukses toe aan die toegewydheid en kundigheid waarmee sy prokureurs spesifieke doelwitte nastreef en vervul. Die firma spesialiseer in die volgende regsveld, synde:

- Litigasie- en dispuutbeslegtingaangeleenthede
- Eiendomsregsdienste
- Kommersiële- en korporatiewe regsaangeleenthede
- Kollektiewe arbeidsreg

Die firma bied die volgende aan voornemende kandidaat-prokureurs wat sy/haar toekoms hier wil begin:

- Uitstekende infrastruktuur
- Spesialisering en fokus op korporatiewe kliënte en kundigheid
- Dinamiese leierskap met doelgerigte etiese praktykbeginsels
- Professionele diens ten alle tye
- Multidissiplinêre benadering tot probleem-oplossing en lewering van uitkomsgerigte oplossings
- Verhoudings onderling sowel as na buite gebaseer op integriteit, respek en professionele onafhanklikheid
- Toekomsgerigte opleiding
- Wye blootstelling aan leerklerke deur 'n rotasiestelsel
- Blootstelling aan gesogte korporatiewe kliënte
- Bywoning van regskool soos geakkrediteer deur die toepaslike SETA
- Gevorderde tegnologie en stelsels, waardeur elke leerklerk toegang tot 'n elektroniese navorsingsbasis het
- 'n Goeie sosiale raamwerk deur 'n interne sosiale klub asook gestruktureerde deelname aan sport

VDT Prokureurs bied uitnemende studente met 'n passie vir die reg 'n twee jaar leerklerkskap aan, waartydens die leerklerk binne verskillende divisies sal roteer ten einde uitgebreide blootstelling te kry. In die geval waar 'n leerklerk se toelating deur die Hooggeregshof gekondoneer word om vroeër plaas te vind, word die geleentheid aan die suksesvolle kandidaat gebied om vir die balans van die twee jaar by die firma aan te bly as 'n professionele assistent.

Belangstellende aansoekers moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees en oor minstens 'n LL.B-kwalifikasie met 'n goeie akademiese rekord beskik. Addisioneel tot bovermelde, word die volgende ten sterkste aanbeveel:

- Bewyse van aktiewe deelname in die universiteit- en fakulteit aktiwiteite gedurende studies
- Rekenaargeletterdheid
- Uitstekende interpersoonlike- sowel as kommunikasievaardighede in beide Afrikaans en Engels
- Vermoë om onder druk te presteer
- Vermoë om onafhanklik, maar ook binne in 'n span te werk
- Sterk etiese beginsels

Alle belangstellende kandidate moet 'n aansoek, bestaande uit die onderstaande stuur voor of op **30 April 2024**, na die ondervermelde adresbesonderhede:

1. Volledige Curriculum Vitae
2. Matriek Sertifikaat
3. Volledige akademiese rekord
4. Twee skriftelike verwysings

U aansoek kan elektronies na **info@vdt.co.za** gestuur word.

www.vdt.co.za